GP PRINSLOO
PROKUREURS | ATTORNEYS

**VOLMAG EN FOOIE OOREENKOMS**

Ek, die ondergetekende ________________________________________ van ________________________________(*domicilium citandi et executandi*) stel hiermee aan die vennote/direkteure en/of hulle genomineerdes van GP Prinsloo Prokureurs met mag van substitusie (hierna die **Prokureur** genoem) om namens my verrigtinge in/voor enige bevoegde Hof en of tribunaal te voer of te verdedig, of om namens my alle nodige stappe te neem in verband met:

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

________________________________________________________________________

1 Ek bevestig dat:

1.1 Die **Prokureur** geregtig is om fooie te hef op 'n prokureur- en eie kliënt grondslag vir die dienste gelewer, en dat ek die fooie soos hierin ooreengekom aan die **Prokureur** sal betaal;

1.2 Die fooie op 'n prokureur- en eie kliënt grondslag, bereken word op 'n tydbasis, teen 'n ooreengekome uur tarief;

1.3 Die fooie vir die tyd nodiger wys gespandeer, gehef sal word teen 'n uur tarief van huidiglik maksimum R1 500.00 per uur (BTW uitgesluit), en na-uurs 'n tarief van R1 850.00 per uur (BTW uitgesluit).

2 Ek bevestig dat:

2.1 Uitgawes nodiger wys aangegaan sal moet word, en dat ek aanspreeklik is om sodanige uitgawes aan die **Prokureur**, op aanvraag te betaal;

2.2 Wat betref uitgawes van diensverskaffers, soos byvoorbeeld advokate, deskundiges en ondersoekers, en aan die **Prokureur** in sy uitsluitlike diskresie kan opdrag gee, soos en wanneer nodig geag word, ek direk en persoonlik aanspreeklik is as prinsipaal teenoor enige sodanige diensverskaffer, en wel vir die volle bedrag deur sodanige diensverskaffer gehef;

2.3 Uitgawes ten opsigte van reiskoste per motor sal verhaal word teen R4.50 per kilometer (BTW uitgesluit);

2.4 Die koste vir die maak van fotostate sal verhaal word teen 'n bedrag van R10.00 per bladsy (BTW uitgesluit);

2.5 Alle ander uitgawes sal verhaal word op die basis van die werklike koste van sodanige uitgawes.

3 Wat betref die voer/verdedig van verrigtinge in/voor enige bevoegde Hof, bevestig ek:

3.1 Dat die **Prokureur** se fooie vir dienste gelewer en uitgawes aangegaan, nie op die geldende Hooggeregshof en/of Landdroshof tariewe van enige ander Hof gebaseer is nie, maar hoër is, en op 'n ander grondslag bereken word, hierby aangeheg as Aanhangsel "A"; Ek bevestig dat ek die fooie tarief nagegaan het, synde Aanhangsel "A" en dat die fooie gehef billik is.

3.2 Dat ek geregtig is om die dienste van ‘n ander prokureur te bekom wat fooie mag hef kragtens voorgenoemde tariewe, maar verkies om dit nie te doen nie;

3.3 Dat ek verstaan dat daar ‘n verskil is tussen party en party kostes aan die een kant en prokureur- en eie kliënt kostes aan die ander kant. Ek verstaan dat party en party kostes daardie fooie en uitgawes is wat, indien suksesvol, ek kragtens voorgenoemde tariewe vanaf die teenkant sal kan probeer verhaal, en indien onsuksesvol, ek aanspreeklik kan wees om die party en party kostes van die teenkant te moet betaal, terwyl prokureur- en eie kliënt kostes die fooie gehef, soos in paragraaf 1 hierbo uiteengesit, en uitgawes aangegaan, is wat deur my betaal moet word, ongeag of ek suksesvol is of nie, en ongeag of party en party kostes verhaal kan word of betaal moet word.

4 Ek verstaan dat:

4.1 Die **Prokureur** tussentydse rekeninge ten opsigte van fooie en/of uitgawes aan my kan lewer, en by afhandeling ‘n finale rekening aan my moet lewer;

4.2 Sou ek ‘n gedetailleerde uiteensetting van dienste gelewer verlang, en indien die totaal van sodanige gedetailleerde rekening hoër is as die totaal van die rekening soos uiteengesit in paragraaf 4.2, ek aanspreeklikheid aanvaar om:

a. sodanige hoër bedrag te betaal, en om

b. die koste verbonde aan die opstel en voorbereiding van sodanige rekening, wat mag insluit die koste van ‘n koste konsultant, te betaal.

4.3 Sou ek nie skriftelik beswaar maak, en/of ‘n gedetailleerde uiteensetting aanvra, binne 30 (DERTIG) dae na ontvangs van ‘n rekening van die prokureur nie, ek afstand doen van enige regte wat ek in die verband mag hê, en aanvaar ek dan die prokureur se rekening as redelik en billik.

Ek bevestig dat ek bewus is daarvan dat die prokureur mag onttrek indien ek sou nalaat om enige fooie en/of uitgawes te betaal op aanvraag. In sodanige geval sal die prokureur geregtig wees om alle dokumentasie, hetsy deur die prokureur opgestel aldan nie, in besit te hou totdat die volle verskuldigde bedrag plus rente betaal is;

Ek behou die reg voor om binne ‘n tydperk van 5 (VYF) dae, vanaf die datum van ondertekening hiervan, hieruit terug te tree deur skriftelik aan die prokureur so kennis te gee;

Ek aanvaar dat die prokureur, ingeval van sodanige terugtrede, geregtig is op betaling van fooie en uitgawes ten opsigte van dienste nodiger wys verrig gedurende sodanige tydperk, ten einde my belange te beskerm, bereken op die prokureur- en eie kliënt grondslag soos hierin uiteengesit.

Ek aanvaar dat sou ek nalaat om enige fooie en/of uitgawes te betaal, die prokureur se reg om dokumentasie te behou soos uiteengesit in paragraaf 6.1 ook so van krag is.

Ek bevestig dat die prokureur van tyd tot tyd, en in sy diskresie, ‘n deposito ter dekking van fooie en/of uitgawes van my mag vereis, welke deposito dan op aanvraag betaal moet word.

Ek magtig hiermee die prokureur om enige gelde aan my verskuldig, namens my te ontvang, en om daaruit te verhaal enige fooie en uitgawes verskuldig, voordat enige balans aan my uitbetaal word.



502 Fay Avenue, Dorandia, Pretoria North 0182
Tel: 012 546 0381 • Fax: 086 591 5426 • info@gpprinsloo.co.za
Cell: 082 922 8900 • PO Box 17674, Pretoria North 0116
Office Hours: Monday - Friday 08:00 - 16:00 • Public Holidays: Closed • VAT No. 4510262191

Ek aanvaar dat die prokureur gereeld aan my verslag sal doen oor vordering gemaak in die uitvoering van sy opdrag in terme hiervan.

Ek aanvaar dat indien ek sou versuim om enige rekening te vereffen vir bedrae verskuldig aan die prokureur, ek aanspreeklik sal wees vir die koste van enige regstappe geneem om sodanige bedrae te vorder op die skaal soos tussen prokureur- en eie kliënt.

Enige wysiging hiervan of ander ooreenkomste aanvullend hiertoe, moet skriftelik wees.

**GETEKEN** te ___________________op hierdie ________ dag van ____________**2019.**

**AS GETUIES:**

1 ___________________________

2. ___________________________ ___________________________

**KLIËNT**

**GETEKEN** te ___________________op hierdie ________ dag van ____________**2019.**

**AS GETUIES:**

1 ___________________________

2. ___________________________ ___________________________

**PROKUREUR**

**PROKUREUR EN EIE KLIËNT KOSTE**
**SIVIELE AKSIES**

**AANHANGSEL "A"**

| ITEM | OMSKRYWING | GP PROKUREURS |
|---|---|---|
| 1 | Instruksies om te dagvaar, bestry, nagaan van dokumentasie, oorweging van meriete, noodsaaklike konsultasies tot uitreiking dagvaarding | 1500.00 |
| 2 | Dagvaarding uitruik +opstel (p/u) | 1500.00 |
| 3 | Verskyning, kennisgewing van verdediging | 150.00 |
| 4 | Kennisgewing Reël 12(1)(b) (p/u) | 150.00 |
| 5 | Verweerskrif (p/u) | 1500.00 |
| 6 | Eis in rekonvensie (p/u) | 1500.00 |
| 7 | Repliek, indien nodig (p/u) | 1500.00 |
| 8 | Elke afskrif vir betekening (per bladsy) | 15.00 |
| 9 | Afneem van verklaring van getuies, per kwartier of gedeelte daarvan | 375.00 |
| 10 | Kennisgewing van verhoor of her plasing | 150.00 |
| 11 | Voorbereiding vir verhoor per uur | 1500.00 |
| 12 | Verskyning by skikkingsonderhandelinge, vir elke kwartier of gedeelte daar-van | 375.00 |
| 13 | Verskyning in hof tydens verhoor, ondersoek ter plaatse, ondersoek op kommissie, vir elke kwartier of gedeelte daarvan:-<br>As 'n advokaat nie verskyn nie<br>As 'n advokaat verskyn | <br><br>375.00<br>1000.00 |
| 14 | Verskyning by voorverhoor onderhoud, vir elke kwartier of gedeelte daar-van | 375.00 |
| 15 | Verskyning in hof om voorbehoue uitspraak aan te hoor per kwartier of ge-deelte daarvan, of waar te neem | 375.00 |

| | | |
|---|---|---|
| 16 | Briefwisseling:-<br>Vir elke brief of e-pos wat noodsaaklikerwys geskryf word (per folio)<br>Vir elke brief of e-pos wat ontvang word | <br>80.00<br>40.00 |
| 17 | Vir elke noodsaaklike bywoning waarvoor nie voorsiening gemaak is nie (per bywoning) | 750.00 |
| 18 | Noodsaaklike formele telefoonoproepe (per oproep) | 100.00 |
| 19 | Telefoniese konsultasies: elke 5 minute of deel daarvan (per konsultasie) | 80.00 |
| 20 | Elke noodsaaklike konsultasie, per kwartier of gedeelte daarvan | 375.00 |
| 21 | Wagtyd by Hof per kwartier of gedeelte daarvan | 375.00 |
| 22 | Reistyd per kwartier of gedeelte daarvan | 150.00 |
| 23 | Nagaan van dokumentasie per folio, insluit kennisgewings ontvangs en stuur | 50.00 |
| 24 | Reiskoste per kilometer | 5.00 |

| | | |
|---|---|---|
| 25 | Opstel van pleitstukke (p/u) | 1500.00 |
| 26 | Opstel van verklaring vir die neem van vonnis (p/u) | 1500.00 |
| 27 | Opwagting (maksimum 1 per maand) | 1500.00 |
| 28 | SMS'e ontvang of gestuur (per SMS) | 25.00 |
| 29 | SMS as aanmaning versend (per SMS) | 55.00 |
| 30 | Opwagting vir betekening of beëdiging van dokumentasie | 500.00 |
| 30 | Blootlegging:<br>1. Opstel van Blootleggingsverklaring per bladsy<br>2. Tyd spandeer aan die opstel vir elke 15 minute of gedeelte daar-van.<br>3. Samestelling van blootleggings bundel (per bladsy) | <br>80.00<br>375.00<br><br>20.00 |
| 31. | Pos & Diverse (een maal per maand) | 250.00 |
| 32. | Afskrifte (p/b) | 15.00 |

| | | |
|---|---|---|
| 33. | Retainer | N/A |
| 34. | Arbeidshof (p/u) | 1500.00 |
| 35. | Opstel Arbeid dokumente (p/u) | 1500.00 |
| 36. | Huweliksvoorwaarde kontrak | 2500.00 |
| 37. | Maatskappy Registrasie | 2500.00 |
| 38. | PSIRA Registrasie | 4000.00 |

**ANDER SIVIELE AANGELEENTHEDE**

Eksepsies, aansoeke om deurhaling, aansoeke om summiere vonnis, verskyning om voorlopige vonnis te verkry waar eis verdedig word, tussen aansoeke, arres, interdik, ex parte-aansoeke, aansoeke om hersiening van vonnis, bevel of taksasie en aansoeke om likwidasie van beslote korporasies en aansoeke ingevolge artikel 65J van die Wet.

| ITEM | OMSKRYWING | SKAAL A |
|---|---|---|
| 39. | Instruksies om aansoek te doen of te bestry | 2500.00 |
| 40. | Instruksies om aansoek te doen om likwidasie, nagaan van dokumentasie, oorweging van die meriete, noodsaaklike konsultasies, ex party, Kennisgewing van Mosie | 10 000.00 |
| 41. | Opstel van alle dokumente, beëdigde verklarings, aansoeke en kennisgewings, bevele, ens. (per folio) asook Repliek, asook hoofde van betoog | 1500.00 |
| 42. | Verskyning in die Hof by verhoor:-<br>Indien onbestrede of bestrede (as 'n advokaat nie verskyn nie), vir elke kwartier of gedeelte daarvan<br>Indien bestrede (as 'n advokaat verskyn) vir elke kwartier of gedeelte daarvan | 1500.00<br><br>15 000.00 |
| 43. | Gelde vir voorbereiding vir verhoor (p/u) | 1500.00 |
| 44. | Konsultasies en skikkingsonderhandelinge per kwartier of gedeelte daarvan | 375.00 |

**ANDER AANGELEENTHEDE**

Koopaktes, Aandele verkoopsooreenkomste en Ledebelang oordragte, Huurkontrakte, Aansoeke aan: Drankraad, Plaaslike Padvervoer raad, Waardasiehof en Munisipaliteite vir Handelslisensies, Strafwerk, Trustaktes, Werk gedoen in Arbeids- en Industriële Reg, (waar toepaslik), Arbitrasie aangeleenthede, Egskeidings en Hooggeregshof werk asook alle Psira aangeleenthede.

| | | |
|---|---|---|
| | **Navorsing** | |
| 45. | Waar navorsing noodsaaklik onderneem is, sal 'n fooi per 15 minute gehef word. | R375.00 |
| | **Verskynings, konsultasies, opwagting, opstel en deurlees van dokumente, reistyd en wagtyd** | |
| 46. | Opwagting (per 15 minute of gedeelte daarvan) | R375.00 |
| | **Opstel van dokumente** | |
| 47. | Per bladsy (minimum 150 woorde) | R500.00 |
| | **Deurlees** | |
| 48. | Per bladsy (minimum 150 woorde) | R350.00 |
| | **Korrespondensie** | |
| 49. | Formele brief – per folio | R150.00 |
| | **Telefoonoproepe** | |
| 50. | Formeel | R250.00 |
| | **Fotokopiëring** | |
| 51. | Per bladsy | R15.00 |
| | **Reistyd en wagtyd** | |
| 52. | Per 15 minute of gedeelte daarvan | R375.00 |
| | Per kilometer | R5.00 |

Director: GP Prinsloo, LLB
In Association with Avery Incorporated

502 Fay Avenue, Dorandia, Pretoria North 0182
Tel: 012 546 0381 • Fax: 086 591 5426 • info@gpprinsloo.co.za
Cell: 082 922 8900 • PO Box 17674, Pretoria North 0116
Office Hours: Monday - Friday 08:00 - 16:00 • Public Holidays: Closed • VAT No. 4510262191